Kabutu! (Dit gaan goed hier!)

Behalwe dat ek en Lourie oranje hare het van die roeswater uit die boorgat. Lourie lyk "beter" as ek – bedoelende dat sy hare meer "oranje" is! Hahaha . . . so julle kan hom nou nie meer as ou gryskop aanspreek nie!

Ons is oormore al 2 maande hier! En ja, ons werskaf, ploeg en plant vir 'n vale! Die kool het al opgekom (na 4 dae)! Kyk, as julle nie wil GLO dat mens nog kan ploeg met 'n eenskaarploeg en twee osse nie, dan het ek dit bewys! Die os aan die linkerkant se naam is Savina – sy lei. Ons het eers later agtergekom sy is eintlik 'n koei! Daar is eintlik 'n klein seuntjie wat voor loop en sy loop agter hom aan.

Ons vertrek Donderdag na die Noorde vir 'n Sending Konferensie in Kabwe (net suid van Kapiri Mposhi waar ons 'n paar weke gelede 'n Kanadese paartjie gaan sien het wat ook 'n weeshuis begin – vir die van julle wat 'n kaart van Zambië het). Die konferensie word aangebied deur ProChristo – 'n internasionale sending organisasie wat begin is deur Frans Hancke. Vir die van julle wat belangstel – probeer asseblief "Onverantwoordelik" in die hande kry. Dis regtig iets om te lees! Coen is ons kontak by ProChristo en hy is die ou wat ons soveel help met die krat van Engeland af. Dit sal aan hom en Herman Bosman te danke wees as die krat hier aanland!

Op een van die foto's is Shipego en Chimonja besig om die akkers nat te maak wat ons gesaai het. Daar is akkers en akkers en akkers on nat te lei! Sover as wat die oog kan sien is daar akkers groente, self in my "voortuin"!

Die bouery vorder fluks en die fondasies vir die badkamers is al klaar! Die span het al beide die septiese tenke asook die "French drain" klaar gegrawe. Op die foto is Lourie-hulle besig om klip en sand aan te ry van die rivierbed af vir nog fondasies.

Kanjanji Children's Village

His heart, His hands, His little children

Nr 7 - 30/07/2008

Kabutu! (Everything is fine!)

This is apart from the fact that we both have orange hair due to the rusty water from the borehole. I have to say - Lourie looks far better than me, because his hair is more orange than mine! On the positive side, nobody can call him "Mr Snow" any more!

The day after tomorrow, we have been here for two months already! We are ploughing and sowing and watering like you won't believe! The cabbage has already germinated (after 4 days)! If you do not believe that one could still plough with oxen and a one shear plough, I have the EVIDENCE! The ox on the left hand side is Savina and she is the leading ox (we only realised later on that she is actually a cow!) I must say that there is a little boy walking in front and she just follows him.

On Thursday we are leaving for Kabwe to attend a ProChristo Mission Conference. Kabwe is just south of Kapiri Mposhi for those of you with a map. Some of you will probably remember we visited a Canadian couple there a few weeks ago, who is also setting up an orphanage. ProChristo is an international Mission Organisation which was founded by a South African – Frans Hancke. He wrote a book "Onverantwoordelik" which is well worth a read. Coen Scholtz is our contact at ProChristo and he is also the guy that has helped us so much with the container. It will be due to him and Herman Bosman if the container gets to us!

On one of the pictures you have Shipego and Chimonja busy watering the newly planted beds. There are beds and beds and beds to water! As far as the eye can see, there are beds with vegetables – even in my "front garden"!

We are really getting on with the building of the bathrooms. The foundations are finished and the septic tank and drains have been dug. On the photo you will see Lourie and his

Daar is ook ‘n foto van ons nuwe troeteldiertjie! Hy is op die oomblik besig om te hiberneer, so hy lyk nie baie vriendelik nie – maar miskien glimlag hy volgende keer!

Hierdie is die klassie by Mutandalike skool waarvoor ek lesse gaan gee. Ons wil ook ‘n program begin om rekenaars vir die skool te verskaf – dalk een of twee ou uitskotrekenaars vanaf SA wat ons met ‘n kragopwekker kan werk. Ek sal dan basiese opleiding begin gee.

Dankie vir al julle belangstelling, terugvoer en gebede! Ons behoort eersdaags nuus te hê oor die webwerf. Die outjies in London is hard besig!

Tot volgende keer!

Lesa amoleleke!

(God se seën!)

team collecting stones and sand for more foundations from a nearby river bed.

There is a photo of our new pet. He is still hibernating and doesn’t look very friendly. I hope next time he will smile at least!

These are some of the pupils at the Mutandalike School that I am going to teach. In addition we would really like to start a program to supply computers to the school – maybe one or two from SA that can work with a generator. I will then give basic computer lessons.

Thanks again for all your support and prayers. We are almost there with the website. I’ll let you know asap!

Till next time!

Lesa amoleleke!

(God bless!)

Gisela & Lourie

www.kanjanji.com
childrensvillage@kanjanji.com
✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji Children’s Village
His heart, His hands, His little children